

Advent – die Wonder van alle wonders

Teks: Gedeeltes uit Lukas

Hulpmiddels:

- ♦ Vergroot die uitgedrukte werksvel vir die vertelling
- ♦ 2 Uitgedrukte velle papier van die gekose aktiwiteit vir elke kind
- ♦ Gom en inkleurkryte indien nodig
- ♦ Linte/toutjies indien die versiering van 'n boom gebruik word
- ♦ Kersboom
- ♦ Wondergom
- ♦ Skêre
- ♦ Kleeflint
- ♦ Speld
- ♦ Rooi aanmaakkoeldrank
- ♦ Twee leë koeldrank-bottels
- ♦ Drie ballonne
- ♦ Bleikmiddel (bv. “Jik”)



WELKOM

Ballonspeletjie: Blaas die een ballon voor die ontmoeting op (nie te styf nie). Plak nou 'n stukkie kleeflint op. Onthou waar jy dit geplak het. Dit moet onsigbaar vir die kinders wees. Verwelkom die kinders en vertel vir hulle dat vandag oor wonders gaan. Jy gaan hulle verras met 'n wonder. Neem die speld. Vra vir die kinders wat gaan gebeur as jy die ballon prik met die speld? Neem nou die speld en prik die ballon, op die kleeflint gedeelte. Vra vir die kinders: “Hoekom bars die ballon nie?”

Rooi aanmaak-koeldrank en bleikmiddel: Gooi water in 'n glas. Gooi bleikmiddel in 'n ander glas. Sit net die bleikmiddel eenkant. Vra 'n kind om die aanmaak-stroop vir jou by te gooi en te roer. Vra vir die kinders: “Hoe kan ons nou die aanmaak-koeldrank uithaal om die water weer skoon te kry?” Gooi nou “water” (bleikmiddel) daarby en roer. Dit word weer deurskynend. (Pasop vir jou/hulle klere.)

Bottel-pret: Druk 'n gaatjie onder in een van die leë bottels se bodems. Gee vir 'n kind die bottel sonder 'n gaatjie. Neem jy die bottel met die gaatjie. Sit 'n ballon in albei bottels met die ballon se mondstuk teruggevou oor die bottel se opening. Blaas dit nou gelyktydig op. Vra vir die kinders: “Wat gebeur?” Die een blaas op en die ander nie!

Sjoe, dit is nou wonderlik! Vandag se les gaan ook oor wonderwerke. Ons verstaan nie regtig hoe dit gebeur het nie. Wonderwerke moet ons sien as God se handewerk en dit is te wonderlik vir ons om regtig te verstaan.



WYDING

Doen die **stilword-ritueel** en sing die **temalied** waarop julle besluit het in ontmoeting 21.



(Gebruik die weskaf items om die vertelling opwindend te vertel. Vergroot die prente op karton en plak dit tydens die vertelling op die “boom” met wondergom. Jy kan ook hierdie prente aan ‘n regte kersboom ophang tydens jou vertelling.)

1. God word mens/‘n mense-baba (baba-figuur)

Ek wonder wat vier ons met Kersfees? Ja, Jesus se geboorte! En dit is presies die eerste wonderwerk waarvoor ons vandag gaan praat. God wat groter is as enigiets waaraan ons kan dink; God wat alles kan doen; God wat alles (en ook vir ons) gemaak het – Hy word ‘n klein, hulpelose mense-babatjie omdat Hy ons so verskriklik liefhet. Een van die name wat Jesus in die Bybel genoem word, is Immanuel en Immanuel beteken: “God by ons”. Jesus het geweet dat Hy as ‘n mensekind gebore moes word en as mens saam met ons op die aarde moet leef, sodat Hy eendag vir die mense se sondes kan sterf. Dit is die grootste geskenk van liefde wat enige mens kan kry! Die wonder is dat God so lief is vir ons, al maak ons Hom partykeer so vreeslik seer, dat Hy ‘n baba geword het!

2. ‘n Koning gebore in ‘n stal? (prent van stal, Maria en Josef)

God is die Koning van die hemel en die aarde. Wanneer belangrike en bekende mense soos filmsterre, groot sportsterre en konings of prinse deesdae ‘n baba kry, gaan hulle na die beste hospitale met die beste dokters om hulle te help. Maar die grootste Koning van almal word nie in die koning se paleis gebore nie. Sy aardse pa is ‘n arm skrynwerker en sy ma ‘n jong meisie. Hulle kom van ‘n klein, onbelangrike dorpie, Nasaret. En Hy is nie in ‘n paleis of duur hospitaal gebore nie, maar in ‘n stal waar daar nie dokters of verpleegsters is om te help nie. Wat ‘n wonderwerk is dit nie dat die belangrikste Koning in die ganse wêreld in ‘n stal in Betlehem gebore moes word nie! Maar hierdie is een van die goed wat die profete reeds in die Ou Testament voorspel het. Die profeet Miga het voorspel dat Jesus in Betlehem gebore sou word, al het hulle in die dorpie Nasaret gebly. God het lank voor die tyd reeds geweet wanneer en waar Jesus gebore sou word en Hy het dit honderde jare voor die tyd al vir sommige van die profete gesê.

3. Die aankondigers (prente van die engel en skaapwagters)

Daar was geen groot televisie aankondigings, Facebook of internet wat vir die wêreld van Jesus se geboorte vertel het nie. God het baie maniere waarop Hy ‘n boodskap na mense toe stuur.

Ons lees bv. van die drome in Josef se storie, van ‘n hand wat teen die muur skryf in Daniël se storie, ens., maar hier lees ons dat God Sy spesiale boodskappers stuur: Engele.

Eers bring ‘n engel vir Maria die boodskap dat sy ‘n baba gaan kry. Maar omdat sy nog nie met Josef getroud was nie, wou Josef hulle verlowing verbreek.

Toe verskyn daar ook ‘n engel aan hom met die boodskap dat die Baba wat sy gaan kry, nie ‘n ander man se kind is nie, maar God se Seun. En daarom het Josef toe nie die verlowing verbreek nie, maar wel met haar getrou. God doen die wonder dat die aardse pappa en mamma wat Hy vir Jesus gekies het, vir Jesus sal grootmaak en dat sake nie as gevolg van ‘n misverstand of mensegewoontes deurmekaar gekrap word nie.

Selfs vir die skaapwagters het ‘n engel die boodskap gebring van die spesiale Kind wat gebore is, anders kon hierdie wonderlike geboorte maar net verbygegaan het en niemand sou daarvan geweet het nie. Daar word tog elke dag babas gebore, maar die wonder van Jesus se geboorte word op ‘n spesiale wonderlike manier aan ander mense vertel.

4. Die besoekers by Jesus (prent van die ster en die sterrekykers)

Behalwe vir die skaapwagters, het Jesus, die Seun wat van die onbelangrike dorpie Nasaret af gekom het, ook nog ander onwaarskynlike besoekers gehad. Baie, baie kilometers verder het slim sterrekykers wat nie Jode was nie, ook ‘n besondere boodskap gekry. God het met hulle op ‘n manier gepraat wat net hulle verstaan het. Hulle het naamlik weer na die sterre gekyk en gesien dat daar ‘n groot Joodse koning gebore is. Hulle het nie ‘n GPS gehad nie, maar God het nog ‘n wonderwerk laat gebeur. Hy het ‘n ster gestuur om die sterrekykers op die lang pad na Betlehem te wys presies waarheen hulle moet gaan. Op hierdie manier

kry hierdie Seun van arm ouers geskenke wat mense gewoonlik vir 'n koning gegee het. En hierdeur wys God vir ons dat sy liefde nie net vir sekere mense is nie, maar vir almal oor die hele wêreld.

5. (*Opsioneel vir jonger kinders, maar ouer kinders sal die volgende verstaan.*) Die vervulling van God se belofte en voorspelling van profete wat deur die hele Ou Testament voorkom. Reeds in Adam en Eva se tyd het God gesê dat die Verlos-ser eendag gebore sou word – dit is baie, baie jare voor Jesus se geboorte. In die Ou Testament is daar oor die 400 verwysings en profesieë na die Verlosser wat eendag sou kom. 'n Voorbeeld van so 'n profesie het ons nounet genoem wat Miga 4:14 en 5:1 voorspel het dat die Verlosser in Betlehem gebore sou word. Nog 'n voorbeeld is in Jes 7:14 wat sê dat 'n jong vrou/maagd swanger sal word en 'n seun in die wêreld sal bring en dat sy hom Immanuel sal noem.

Die slim mense het uitgewerk dat die kans vir een mens om net 8 van hierdie profesieë te vervul, Een in 100 000 000 000 000 000 (1 met 17 nulle agterna!) is, met ander woorde, eintlik maar onmoontlik. Wat is die kans dat iemand ALMAL kan vervul? Maar Jesus het! Dit is regtig 'n baie groot wonderwerk. Met Jesus se geboorte het sommer 'n hele klomp wonderwerke gelyktydig gebeur!

Die kinders kry tyd om oor die verhaal te dink:

1. Ek wonder aan watter wonderwerke kan julle nog dink wat in die storie van Jesus se geboorte voorkom? (Johannes die Doper wat in sy mamma Elisabet beweeg die oomblik toe hulle Maria se stem hoor; die wonderwerk dat Maria en Josef 'n plek gekry het om te bly terwyl daar duidelik nêrens meer plek was nie; die wonder dat God gesorg het dat Jesus nie doodgemaak is toe al die seuntjies onder 2 jaar doodgemaak is nie.)
2. Ek wonder hoe dit voel en ruik en klink in 'n stal en wie van julle graag vir 'n paar aande in 'n stal sal wil slaap.
3. Ek wonder watter deel van die Kersverhaal vir jou die mooiste is.
4. Ek wonder wat hierdie Kersfees vir jou gaan herinner aan die wonder van God wat in Kerstyd 'n menseba-ba geword het omdat Hy vir ons so baie liefhet.
5. Ek wonder hoe mens hierdie liefde van God vir ander mense kan wys hierdie Kersfees.



WERSKAF

Albei aktiwiteite kan gebruik word terwyl die verhaal vertel word.

✍ Druk 'n werksvel van die boom en die prente vir elke kind uit. (*In klasverband of by die huis kan 'n regte kersboom ook gebruik word en die prentjies dien dan as kersboomversierings. Dit word dan met 'n lintjie aan die boom gehang.*)

Kleiner kinders: Knip die prentjies vir hulle uit en laat hulle dit inkleur.

Groter kinders: Hulle kan eers die prentjies inkleur en dan op die stippellyne uitknip. Soos hulle die verhaal aan iemand anders vertel, plak hulle die figure met wondergom aan die boom of bind dit aan die boom vas.






✍ Vir ouer kinders: Druk vir elke kind een vel papier uit met die leidrade. Druk ook een vel papier/plakkers uit met die prentjies op. Kinders moet dan die regte prentjie in die blokkie plak wat by die beskrywing pas.





Seënbede:

Sluit af met die seënbede soos by ontmoeting 21.

'n Koning van die wêreld word gebore:	Die Koning van die heelal word gebore:
<p>... as 'n prins wat net die beste kry wat geld kan koop.</p>	<p>... as 'n baba van arm en eenvoudige mense.</p>
<p>... in 'n paleis of duur hospitaal met dokters en verpleegsters wat help.</p>	<p>... in 'n stal met net diere wat toekyk.</p>
<p>... en sy geboorte word op TV en ander sosiale media aangekondig vir die hele wêreld om te weet.</p>	<p>... en sy geboorte word deur engele net vir 'n paar mense aangekondig.</p>
<p>...en net baie belangrike besoekers word toegelaat om hom te besoek.</p>	<p>... en sy besoekers is eenvoudige skaapwagters en later ook vreemde mense uit 'n ander land wat nie gelowiges was nie.</p>
<p>... en mens kan met 'n GPS die plek opspoor waar die baba gebore is as jy nie die plek ken nie.</p>	<p>... en sy besoekers is deur 'n ster gelei om by die regte plek uit te kom.</p>
<p>...as iemand wat weet dat hy/sy ook eendag 'n koning/koningin gaan word en 'n land regeer.</p>	<p>...as Iemand wat weet dat die mense vir wie Hy so baie liefhet, Hom eendag sal mishandel en aan 'n kruis sal laat sterf.</p>

Prente om uit te knip en te plak op bl.4:





Ons is elkeen 'n geskenk aan die wêreld. Ons moet mekaar dien soos Jesus ons kom bedien het.

1 Pet 4:10